

19

MY BYBEL Die lig op my pad

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hulle God deur die Bybel leer ken.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet God gebruik die Bybel om –

- ons na Hom te lei.
- aan ons kennis van Hom en onself te gee.
- aan ons geloof in Hom te gee.
- ons geloof sterk te maak.
- ons te leer hoe ons Hom en ons medemens moet dien.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat hulle die Bybel het.
- gereeld hul Bybels lees.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die belangrikste sake kan opnoem wat God ons in die Bybel leer.
- kan opnoem op watter geleenthede hulle die Bybel lees.

MEER INLIGTING

Die boodskap van die Bybel het oor eeue heen die lig in mense se lewens laat skyn. Die Bybel het nie uit die lug geval nie. Dit is 'n boek wat oor twee duisend jaar stelselmatig gegroei het tot die boek wat ons vandag die Bybel noem.

Die Ou Testament gaan hoofsaaklik oor God se verhouding met en sy liefde vir die volk Israel. In die Ou Testament leer ons die mens as 'n sondaar ken, 'n skepsel van God wat eintlik verkies om liever in die donker sonder God te leef. Ons leer God ken as die Almagtige, die Skepper, die God wat ons oneindig liefhet. Ons leer God ken as die Een wat die ongehoorsaamheid van mense haat en dit straf, maar Hy is altyd bereid om ons te vergewe as ons jammer is oor wat ons verkeerd gedoen het.

In die Ou Testament word vertel dat God ons goed geskep het. God het 'n ooreenkoms gemaak om ons in liefde te versorg en alles te gee wat ons nodig het. Telkens het mense hul rug op God gedraai en ongehoorsaam geword. God het in sy liefde aangehou en aangehou, en die mens het ongehoorsaam gebly.

In die Nuwe Testament begin God van vooraf met 'n nuwe skepping. Die Nuwe Testament handel oor die nuwe verbond of ooreenkoms wat God met sondaarmense aangegaan het. Deur Jesus Christus bewys God dat Hy ons vir altyd wil liefhê. Ons sonde en skuld word oorgelaai op sy Seun, Jesus. Jesus het weer die lig vir ons laat skyn. Wat ons nie kon regkry nie – om gehoorsaam te wees – het Jesus kom regmaak. Hy was tot die dood toe gehoorsaam aan sy Vader. Dit alles leer ons uit die Bybel.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 'n Flits.
- 'n Boks wat dig kan toemaak.
- Plak 'n blommetjie aan die binnekant op die bodem van die boks.
- Sny 'n klein gleufie bo in die boks sodat 'n mens nie met die blote oog die blommetjie kan sien nie, maar wel as jy met 'n flits deur die gleufie daarin lig.
- Maak die boks deeglik toe.

KOM ONS BEGIN

Sing of lees Gesang 553 en open met gebed.

*Ek is bly ek ken vir Jesus; ek is bly ek is sy kind.
En ek bly my hele lewe aan die Here vasgebind.
Ek is bly ek het 'n Bybel dat ek elke dag kan lees –
kinders van die Here het niks om voor bang te wees,
kinders van die Here het niks om voor bang te wees.*

HET HULLE ONTHOU?

Kontrole van Les 15 is reeds by Les 18 met die hersiening gedoen.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Hoor by die kinders wie nog nie hul eie regte Bybel het nie.
- Vra of hul ouers vir hulle een kan koop.
- Indien daar kinders is wat dit nie kan bekostig nie, vind by die kerkraad uit of julle vir hulle Bybels kan skenk.
- Laat een of twee van die kinders vertel waarom hulle dink die Bybel vir ons belangrik behoort te wees.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel wat die doel van die Bybel is.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende feite:

- Die Bybel vertel hoofsaaklik van God se liefde vir sy kinders.
- So laat die Bybel lig in ons lewens skyn.
- Uit die Bybel leer ons dat alle mense sondaars is.
- Mense verkies om liewer in die donker sonder God te leef.
- God haat en straf ongehoorsaamheid.
- God vergewe ons as ons jammer is oor wat ons verkeerd gedoen het.
- Ons vergeet baie gou dat ons jammer was en sondig dan weer.
- Deur Jesus Christus bewys God dat Hy ons vir altyd wil liefhê.
- Jesus het die lig volmaak vir ons laat skyn.
- Wat ons nie kon regkry nie – om gehoorsaam te wees – het Jesus kom regmaak.
- Hy was tot die dood toe in ons plek gehoorsaam aan sy Vader.

IETS OM TE DOEN

- Vra die volgende vrae of maak sekere stellings en help hulle reg waar nodig:
 - Weet julle hoe belangrik die Bybel vir ons is?
 - Stem julle saam dat ons God nie sonder die Bybel kan ken nie?
 - Weet julle dat ons sonder die Bybel nie ware geluk kan ken nie?
 - Weet julle dat net die Bybel ons leer waar om volmaakte liefde te ontvang?
- Laat elke kind deur die gleuf van die boks kyk.
- As almal klaar is, vra: Wat kon julle sien in die donker boks? (*Niks.*)
- Laat elkeen weer kyk, maar nou met 'n flits.
- As almal klaar is, vra weer: Wat kon julle nou sien in die lig? (*'n Blommetjie.*)
- Verduidelik nou waarom die Bybel vir ons belangrik is.
 - Die Bybel is die lig waarmee die Here ons elke oomblik wil lei.
 - Sonder hierdie lig gaan ons maklik verdwaal en verkeerde dinge doen, en seerkry.

- Kom ons kyk nou wat die belangrikste is wat God vir ons deur middel van die Bybel wil leer.
 - Hy wil ons leer dat Hy alles goed gemaak het en dat Hy vir alles sorg.
 - God wil met die Bybel vir ons leer dat Hy baie lief is vir ons en dat ons sy kinders is.
 - God leer ons in die Bybel dat ons almal sondaars is en verkeerde dinge doen.
 - Die Bybel leer ons hoe ons God en ons medemens moet liefhê.
 - Die Bybel leer ons van die goeie dinge wat ons moet doen en die slegte wat ons nie moet doen nie.
- Laat 'n paar kinders opnoem waar en wanneer hulle gewoonlik Bybel lees.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle iets gaan teken om te wys –

- wat God vir hulle doen.
- wat hulle vir God doen.
- wat hulle vir ander mense doen.

Leer

Die belangrikste wat die Bybel ons leer, is –

- God is lief vir my.
- ek moet lief wees vir God.
- ek moet lief wees vir ander mense.

AFSLUITING

Lees VONKK-lied 137 en leer hulle dit sing as dit moontlik is, of sluit daarmee af as gebed.

*Soos 'n flits in die donker is die Bybel vir my;
 dis 'n lig wat my wys hoe ek naby God kan bly.
 Ek is lief vir U, Heer, ek wil hoor wat U sê,
 want u woorde leer vir my om te doen wat U wil hê. Amen.*